

GOUDSTAD VAN SKEBA
deur
A. P. du Plessis
Oerwoudvalk Nr 1

# GOUDSTAD VAN SKEBA

*deur*

**A. P. DU PLESSIS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Goudstad van Skeba

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van 1959 en geredigeer deur Marney van Ginkel.
Tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

Goudstad van Skeba
deur A.P. du Plessis

ISBN: 978-1-928498-40-7

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)

Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

In hierdie eerste verhaal maak u kennis met die Oerwoudvalk of ook beter bekend as die Valk. Gewapen met net 'n pyl en boog, jagmes en lendekleed van luiperdvel, deurkruis hy die digte woude van die Kongo en beleef die een opwindende avontuur na die volgende.

In hierdie verhaal moet hy tot die redding kom van 'n volkekunde professor, sy dogter, 'n man en sy vrou en 'n student, wat in die hande val van Basan, 'n wrede en genadelose diktator. Basan is 'n hoëpriester wat gemuit het uit die Vallei van Skeba. Hy het sy eie ryk gestig en droom daagliks daarvan om die Koningin van Skeba se Vallei en stad weer binne te val en oor te neem.

In die Valk se strewe om die volkekundiges uit Basan se hande te red, moet hy 'n woeste storm oorleef, ontsnap van die mensvreters Wasari-stam wat hom gevange geneem het, met gevaarlike bobbejaanmannetjies buite en binne 'n arena veg, teen steil kranse afseil en Die koningin van Skeba help om Basan se mag finaal te breek. In die proses moet die Valk gedurig deur veg vir oorlewing en aan volop aksie ontbreek die verhaal dus geensins.

Gaan die Valk betyds wees die professor se dogter te red van 'n brandstapel, voor sy geoffer word? Lees gerus die verhaal en vind self uit.

## UITTREKSEL

Agter hom waarsku Rakoe weer, roep dan verskrik uit en begin terug nael in die Valk se rigting. Dit is asof die bobbejane voor die Valk 'n oomblik huiwer, asof dronkgeslaan. Haastig loer die Valk om en dan sak die moed in sy tone. Agter die vlugtende Rakoe het meer bobbejane hul verskyning gemaak en hulle volg die vlugtende Baniet met potsierlike galopbewegings. Op daardie oomblik storm die eerste bobbejaan op die Valk af.

# INHOUD

## HOOFSTUK

1. Die Goudmanne

2. Mensvreters

3. Die Bobbejane Storm

4. Skeba

5. In die Arena

6. “Maak Dood!”

7. Die Offer

8. Bloedbad

9. Die Seekat

# 1. GOUDSTAD VAN SKEBA

## Hoofstuk 1
## DIE GOUDMANNE

’n GEMEENSKAP bospappegaaie, wat luiweg tussen die breë blare van die oerwoudreus rondgevroetel het, lawaai verskrik en vlug halsoorkop met bont vere tussen die verstrengelde takke deur, toe die mensfiguur hier by hulle verskyn en sy twee kaalvoete stewig op die skurwe bas van die dik tak plant.

Agter hom beweeg die taai bobbejaantou stadig terug na sy natuurlike plek in die warboel van tak en parasiet plant. Veelkleurige oerwoudblomme kelk hul tere prag trots omhoog bokant die skemervoetpaadjie wat haas onsigbaar van hier bo is, hul skraal wortels diep in die oerwoudreuse geslaan.

’n Trop blouape sketter paniekerig vir die skielike steurnis en lenige takke lewe onder die gewig van hul vlugtende liggame.

Die jongman met sy songebruinde vel glimlag. Sy haelwit tande blink in die son se skraal straaltjie wat deur ’n opening in die digte rankasies skaam na onder gly.

’n Sterk hand vee ’n parmantige blonde kuif terug oor die breë voorkop. Hy maak die gebreide varkvelriempie agter op sy kop los, vang die welige hare rats vas en bind hulle agter in sy nek.

Daarna dwaal sy hand na die lang jagmes in die skede langs sy skraal heupe. Hy verskuif die bamboesboog aan sy rug en laat sy deurdringende blou oë na benede daal.

Rats soos ’n apie daal die gespierde jongman van tak tot tak grondwaarts. Bokant die oerwoudpaadjie huiwer hy op ’n

stewige boomtak, sy een hand om ’n dik klimop plant geslaan. Sy ander hand stryk weer oor die jagmes langs sy lendekleed van luiperdvel. Maar geen wildsreuk word deur sy gevoelige neusgate opgevang nie.

Hy vee die sweet van sy voorkop af. Hy is honger en effens tam na die urelange skof wat hy sedert die vroeë oggend afgelê het. Sy ingebore instink sê aan hom dat hy hoogstens ’n uur van sy doelwit kan wees.

Daardie skerp blou oë dwaal verder, soek tussen die doolhof van tak en klimop, totdat hy die wilde druifranke sien. Hy gryp die bobbejaantou vas en, gesteun deur hand en voet, skarrel hy nader.

Tien minute lank eet hy van die heerlike blou vrug met sy effens malse smaak. Hy vee sy mond skoon en hervat sy haastige tog deur die oerwoudreuse.

Een keer bots hy amper teen ’n swart luiperd wat in ’n dik mik gelê en slaap het. Met ’n blitsige ruk van sy liggaam, skuur hy egter verby die seldsame dier wat vervaard en grommend orentvlieg.

Weer verskyn daardie sonderlinge glimlag op die jeugdige gesig met die forse gelaatstrekke. Simmetriese spiere rol in swerms onder die bruingebrande vel. Dit is gryp en swaai, spring en duik. Dan weer hardloop hy rats op ’n boomtak langs en seil waaghalsig na ’n liana, treë ver, soos slegs ’n bosaap kan doen.

Hy lag hardop van uitbundigheid. Dit is lewe hierdie! Nie die valse skyn van die beskawing nie, nie die vaskluistering van blok op blok betonstrukture, wat soos miershope van mense miere maak nie. Nie die aakligheid van verveelde mense nie. Nie haat en nyd, dwarsboming en gedurige gebondenheid aan dinge wat van die mens ’n slaaf maak nie.

Want hier is mens vry op 'n ander manier. Hier is nie sigbare grense nie. Hier leef 'n mens sonder aanplaksels, hier lag jy as jy wil en huil jy as jy wil.
Die man staak sy apetog deur die oerwoudreuse. Sy oë wei oor die oopte hier voor hom. Hy sien die vervalle huis van klei en takke, en heimwee skuif stadig voor sy oë verby. Die sterk kake klem op mekaar.
Dan daal hy haastig met 'n rankplant na benede, sy oë en ore gespits.
Hy stap deur die laaste kreupelhout die oopte binne. Die tropiese son sluit behaaglik om sy halfnaakte liggaam.
"Toto!" Sy enkele uitroep klink hard deur die oerwoud. Maar geen stem bereik sy ore nie.
Vertwyfeling laat die jongman in sy spore vassteek en omheen kyk. Hy vertrou die vrede skielik nie meer nie. By die eensame grondhoop linksweg is die plantegroei weggekap. Woudorgideë lê oral op die hoop rond.
Die jongman sug. Met afgemete tree, sy hand op die jagmes, stap hy vorentoe.
Ses maande laas was hy hier, hier waar hy 'n groot deel van sy veelbewoë kinderdae geslyt het.
Anderkant die vervalle gebou is 'n groter een, ewe bouvallig, met 'n houttoring wat skeef teen die groen van die oerwoud afsteek, asof dit enige oomblik kan omval.
'n Ligte kreun laat hom waaksaam vassteek. Die blou oë soek oor die omgewing. Die kreun word herhaal en met beklemde gemoed draf hy na die vervalle gebou, wat lank gelede sy en sy vader se woonhuis was.
In die deur steek hy vas. 'n Bloedspoor lei van hier buite die gebou binne. Weer kom die gekreun, nou heelwat harder.
Die jongman spring die vertrek binne. Voor hom, in volle

lengte uitgestrek, lê die glimmende lyf van ’n inboorling. ’n Aaklige wond gaap in sy skouer.
“Toto!” Weer ontval net die enkele woord die blanke se lippe. Hy snel nader en buk by die bejaarde inboorling met sy grys hoof. Hy draai die swart liggaam op sy rug, luister etlike oomblikke na die hortende asemhaling en snel dan met lang hale die gebou uit. Buite pluk hy ’n breë blaar van ’n struik af, vou dit soos ’n bakkie en sit af na die breë stroom water daar naby.
Die volgende middag het Toto sodanig herstel, dat hy sy verhaal aan die jongman kan vertel.
“My Basie, dit was toe ek buk om die blomme by Mpingo se graf te sit, dat hulle my van agter beetgekry het. Lang manne met ligbruin velle, amper soos joune, maar ook nie so nie. Hulle het spiese gedra wat anders as ons sin lyk.”
Die jongman luister aandagtig. Toto se verwysing na Mpingo bring die heimwee weer in sy hart, want Mpingo, of Goeie Hart, was die naam wat die inboorlinge hier aan sy vader gegee het.
“Daar was net ’n klompie van hulle. Voordat ek iets kon maak, het hulle my met die spies gevang, net hierso.” Met ’n steun beduie hy na sy skouer.
“Toe weet ek niks meer nie. Ek weet ook nie hoe ek hier gekom het, waar die kleinbaas my gekry het nie.”
“En is alles verder nog reg, Toto?” vra hy. Die inboorling knik bevestigend en voel half skuldig dat hy moet sit terwyl die groot seun van Mpingo met hom praat. Hy probeer regopper skuif, maar kreun hard van die pyn.
’n Fyn glimlag van begrip verskyn op die jongman se gelaat.
“Ek gaan die Matonga roep, Toto. Miskien het hulle iets van hierdie vreemde mense gewaar.” Hy stap na die tamboer wat

eenkant in die gebou is. Snaaks, hoewel hy die groot sandaalspore van die vreemdelinge buite en binne die geboue opgemerk het, het hulle blykbaar niks verwyder nie. Hy lag grimmig. Eintlik is hier ook niks om te verwyder nie.
Minute lank trommel sy hande rats oor die buffelvel-tamboer se platkant. Die klanke sprei deur die digte Kongo-woude tot by die verste Matongastat.
Nadat hy die boodskap voltooi het, wag hy 'n rukkie, en herhaal dit dan. "Oerwoudvalk wil die Matonga hoofde vanaand by Mpingo se plek spreek."
Hy voltooi die boodskap en draf terug na Toto. Albei luister fyn en na 'n rukkie hom die eerste antwoord op die wieke van die wind aangedra. "Die Matonga het gehoor. Hulle kom na hul groot opperhoof."
Die Oerwoudvalk kyk met 'n glimlag na Toto, wat hom met openlike bewondering in sy bloedbelope oë aanstaar.
"En het alles verder goed verloop, hier by Kala?" Die Oerwoudvalk se vader, 'n sendeling van die N.G. Kerk uit verre Suid-Afrika, het hierdie plekkie, waar hy sy werk, met onoortreflike toegewydheid en liefde verrig het, Kala genoem. Dit beteken eintlik "seën" in die Matonga-dialek.
"Ja, my kleinbaas." Die verweerde tande word ontbloot in 'n glimlag. "En die Matonga kom nog gereeld elke sewende dag hierheen vir die diens."
"Hoekom is die geboue so vervalle, Toto?"
"Dis die groot storm wat hier was, Kleinbaas."
Die jongman dink terug aan die dae, meer as twaalf jaar gelede, toe sy vader en moeder en hy, toe skaars agt jaar oud, vir die eerste keer na hierdie afgesonderde deel van die magtige Kongo-woud gekom het. Nadat sy vader, wat 'n deeglike mediese kennis gehad het, die vorige opperhoof van

die Matonga se seun deurgehaal het na ’n koorsaanval, is hy en sy gesin deur die Matonga, feitlik letterlik op die hande gedra.

Sy eerlikheid, billikheid en liefde vir sy werk, het sy statige vader spoedig ’n liefling onder die Matonga gemaak, terwyl hulle sy moeder verafgod het.

Die Oerwoudvalk is na ’n seunskool in Suid-Afrika gestuur en kon sy ouers slegs in vakansietye besoek. Hy het standerd agt geslaag, en toe hy daardie Desember vakansie hier aanland, tref hy albei sy ouers ernstig siek aan, nadat hulle per abuis ’n giftige paddastoel geëet het. Twee dae later is hulle dood en albei is op plegtige en seremoniële wyse deur die Matonga begrawe.

Maar sy vader se sendingwerk het voortgegaan. Wanneer die Oerwoudvalk daar was, het hy dit voortgesit, en wanneer hy op een van sy talle avontuurlike swerftogte deur die oerwoude ronddwaal, het Toto dit gedoen. Toto, wat geen kind of kraai gehad het nie en wat alleen by die sendingstasie bly woon het.

Die jongman voel aan die gebreide skaapvelsakkie aan sy sy, ’n geskenk van sy ouers, knip dit oop en haal die klein Bybeltjie daaruit. Hy slaan dit oop en kyk na die foto van sy ouers wat daarin vasgeplak is. Die leersakkie is waterdig.

Afgetrokke kyk hy op. Teen die haelwit wolke, beweeg enkele swart stippeltjies in ’n sirkeltog. Hy weet dat dit roofvoëls is.

“Ons moet hierdie geboue regmaak, Toto. Ons kan nie die groot werk so voortsit nie,” sê hy skielik.”

Toto knik instemmend.

Teen hierdie tyd het die trope son reeds agter die oerwoudboskasie verdwyn en is die grootste deel van die

oopte in skadu gehul.
"Ek gaan soek net gou vir ons vleis, Toto," sê die jongman. Hy buk en dra die inboorling die ou woonhuis binne. Met sorg grendel hy die mankoliekerige deur, nadat hy die bamboesbeskutting voor die vensters toegeklap het.
Buite snuif hy die soet, muwwe reuk van ontbindende hout en struike in, skuif die bamboesboog reg op sy rug, voel of hy nog genoeg pyle in sy koker het, en stryk vinnig aan na die rivier se kant.
Hy klouter teen 'n skuins boomstam op en swaai tydsaam deur die bome. Sy oë en ore soek na die skugter stap van 'n wildsbok. Bokant 'n woudpaadjie, wat eintlik 'n soort tonnel vorm, hurk hy op 'n lae tak neer. Hy weet dat die stroom slegs 'n honderd tree verder vloei.
Geduldig begin hy sy wagtog. Die minute sleep traag verby. Die Oerwoudvalk weet dat die son reeds water trek. Terwyl hy gehurk op die tak sit, dwaal sy gedagtes na die aanranding op ou Toto en die vreemdelinge van wie hy vertel het.
Hy voel effens ontsteld omdat hy, wat gemeen het dat hy die oerwoud en sy bevolking redelik goed ken, hierdie mense nie kan plaas nie. Sover hy weet, woon slegs inboorlinge met pikswart velle in hierdie deel van die Kongo-woud. Na die noordweste is die pigmeëgebied. Verder na die noorde ken hy die woud nie so goed nie. Hy het die inboorlinge egter dikwels hoor praat van die berge en die valleie van die Goudkoningin in die verre noorde.
Eintlik kon hulle hom hiervan nie veel meedeel nie, behalwe dat 'n vreemde ras daar woon, wat een tyd periodiek strooptogte uitgevoer het en veral jong inboorlinge geskaak het.
Omdat hy nog nooit onomstootlike bewyse vir die waarheid

hiervan kon vind nie, het hy dit in die verlede as vlugte van die verbeelding verwerp.

Die soepele wildsbokkie is reeds byna onder die jagter, toe hy uit sy mymering opskrik en sy prooi sien. Die fyn oortjies beweeg agterdogtig voor- en agtertoe, die gevoelige neusvleuels trillend om die fynste verdagte reukie, wat tot ’n haastige aftog kan lei, op te vang.

Die Valk verskuif effens. Op daardie oomblik steek die grys wildsbok in sy kloutjies vas, lig die kop nog hoër en snuif hoorbaar. Die volgende oomblik is hy vol lewende energie, soos hy wegspring, maar dis reeds te laat.

’n Spikkelstreep gly uit die struikgewas en land sierlik op die dier se rug. Wrede kloue vind weerskante op die skof vastrapplek en skeurende slagtande sink diep in die nek weg.

Die bok steier, spook vervaard om op sy pote te bly, gaffel met die horings na agter, skud sy lyf om die aanvaller af te werp en bulk verskrik.

Dan struikel die bok teen die klimop en struikgewas, wat soos ’n muur die wildspad omsoom en slaan neer. Die luiperd se kake vind die keel, lang slagtende sak daarin weg en bloed spuit in ’n boog by die slagare uit.

Die bok bulk in doodsangs, skop wild met sy skerp kloue, maar hy het die stryd teen sy aartsvyand reeds verloor.

In minder as ’n twee minute is alles verby.

Die gespikkelde luiperd plant sy voorbene oor die sterwende bok se nek en laat sy groen oë in die paadjie afdwaal.

Die Oerwoudvalk het egter reeds besluit dat hierdie wildsbok syne is. Vir hom het hy lank gewag en hy weet dat Toto se maag net soos syne rommel. Buitendien behoort die eerste Matonga binnekort by Kala op te daag en dan moet hy reeds terug wees.

’n Skraal pyl pas sekuur in die snaar van die bamboesboog. ’n Oomblik korrel die Woudman, dan pieng die dermsnaar en verlaat die geveerde pyl die boogsnaar, teen verbasende snelheid.
Die luiperd se kop ruk op toe hy die geluid hoor en hy brul verwoed vir die skielike pyn in sy blad. Kort daarna sterf ook hy, want die pyl het sy hart gevind.

----------

Dit was reeds sterk skemer, toe die seun van Mpingo en Toto hul aandmaal voltooi. ’n Groot vuur brand lustig in die oop ruimte, sowat twee morge groot, ’n endjie van Mpingo se woonhuis af. Die droë hout knetter gesellig en gee aan die gespierde gestalte van die jongman, wat swaar, droë stompe nadersleep, ’n rooibruin kleur.
Die Oerwoudman kom orent en kyk na Toto, wat op die stoeptrappie sit. “Die Matonga behoort nou enige oomblik hier te wees, Toto. Hulle moet maar die aand hier oorbly en sommer in die kerkie slaap.”
Toto knik instemmend en staar die sterk skemerte in. Onder die massiewe woudreuse, skaars vyftig tree links van hom, is dit reeds nagdonker. Ver weg klink die diep gebrul van ’n leeu wat op jag uit is.
Hy sien hoedat die groot seun van Mpingo, sy geliefde meester, sy kop eensklaps skuins draai, asof hy fyn luister. As die wit seun na hom draai, is daar ’n ligte opgewondenheid in sy stem.
“Hulle kom, Toto! Die Matonga kom na die plek van Mpingo.”
Toto, wat nou heelwat minder las van die beseerde skouer

het, spits sy geoefende ore en skud dan sy kop.
"Ek hoor niks nie, kleinbaas." Hy kyk bewonderend na die halfnaakte witman. "My ore is fyn, maar nie soos die Oerwoudvalk sin nie."
Die Oerwoudman lag tergend. "En jy het jou hele lewe in die oerwoud deurgebring, Toto."
Toto klink verleë. "Maar ek het nie soos 'n aap in die bome grootgeword nie."
Hul gesprek word onderbreek as 'n vyftigtal gewapende en getooide inboorlinge uit die digte oerwoud te voorskyn tree, die hoofde van die verskillende Matongastatte en hul lyfwagte. Soos die gewoonte is wanneer hulle ontbied word, versamel almal by die groot witstamboom, sowat 'n kwartmyl oos van die sendingstasie, vanwaar hulle in een groep na Mpingo se plek kom.
Vooraan die skemerfigure, slegs vaagweg sigbaar in die lig van die dansende vlamme van die reuse-vuur, kom die stamhoofde aangestap. Agter hulle volg die lyfwagte.
Die Oerwoudvalk staan hulle met gekruisde arms en inwag, sy sterk bene 'n ent van mekaar op die sagte gras geplant.
Tien tree voor hom gaan die stamhoofde staan. Dansende skaduwees spring oor die swart gesigte, wat byna spookagtig in die swierige hooftooisels van pappegaaivere en luiperdvelle daar uitsien. Dan buig die tiental stamhoofde vooroor, totdat die hooftooisels die grond raak. Agter hulle plant die lyfwag hul kort spiese in die sagte grond en doen desgelyks.
Die Valk se stem is diep en helder as hy in die Matonga dialek sê. "Welkom, my vriende. Die Oerwoudvalk, seun van Mpingo, julle wit vader wat julle liefgehad het soos vir my, groet julle."

Die stamhoofde beur orent. ’n Groot, bejaarde inboorling neem ’n tree vorentoe, sy regterarm skuins na bo uitgestrek.

“Die Oerwoudvalk, ons groot opperhoof, het gepraat. Nou kan ons praat. Welkom terug by jou kinders, en die van Mpingo. Mag Hy, van wie die groot Mpingo ons vertel het, en wat bokant die sterre woon, jou seën.”

Een vir een volg die ander stamhoofde sy voorbeeld. Op ’n teken van die Oerwoudvalk, neem hulle regoor hom, langs die vuur plaas. Die lyfwagte sprei in ’n kring om hulle, klem die spiese vas, en draai om, sodat hulle die donker woud kan dophou. Die woud, wat met die koms van die nagvors skielik vol polsende lewe geword het, waar die roofdiere nou koning is en die stryd tussen voortdurende waaksaamheid en skeurende tand en klou nou op sy felste woed!

Nadat die wedersydse uitvraery oor die welstand en omswerwinge eindelik afgehandel is, vra die jong, blanke opperhoof van die Matonga inligting omtrent die vreemdelinge wat Toto die vorige dag aangerand het.

Die vraag word gevolg deur ’n onmiddellike gebabbel onder die stamhoofde. Dan draai Bongaba, grootste van die stamhoofde en die man wat, naas die Oerwoudvalk, in bevel is oor die Matongastamme, sy kop na die blanke.

“Seun van Mpingo, dit is so.”

Hy vryf met sy hand oor sy wye neusgate. “Vreemde mans, met ligte velle, is die laaste paar dae in die land van die Matonga gesien.”

Bongaba kyk na die vlamme. “Ons spioene het hulle dopgehou, maar hulle het ons gisteraand ontwyk. Ons het hulle nie weer gesien nie.”

Die ou stamhoof rug sy oë op die Valk se gesig.

“Ons het hulle laat begaan, omdat hulle nie moeilikheid

gesoek het nie, en die groot Mpingo ons geleer het om nie sommer dood te maak nie."

Die Valk dink aan die eensame grondhoop eenkant, waar sy vader en moeder lê.

"En hoe lyk hierdie mense, Bongaba? Vanwaar kom hulle?"

"Hulle is lank, seun van Mpingo. Hulle hare is ook lank. Hulle dra velle om hul onderlyf met 'n band oor die een skouer. Hul spiese, so sê ons spioene, is lank en dun en die stele is nie van hout, soos ons sin nie. Hul velle is donkerder as joune, maar baie ligter as die van die Matonga."

Bongaba vee weer met die platkant van sy hand oor sy wye neusgate, snuif hard, en vervolg. "Ek dink hulle kom veertien dagreise van die noorde, van die berge en valleie van die Goudkoningin..."

"Ja?" Die Valk kyk hom vraend aan.

"Ek weet, seun van Mpingo, dat jy nie wil glo van die Goudkoningin nie. Maar ons voorvaders het ons van haar vertel. Hulle het lank gelede na die woud gekom, hierdie mense. Hulle het in die aarde kom krap soos molle en elke tweede volmaan, goed op olifante gepak en dit weggeneem na waar die son opkom."

Daar is 'n trotse lig in sy oë, amper asof hy die Valk wil uitdaag om die verhaal, wat geslagte en geslagte lank mondelings oorgedra is, te ontken.

Maar die Valk luister nou met gespanne aandag. Dit is die eerste keer dat hy die verhaal van die legendariese Goudkoningin so hoor.

"Die seun van Mpingo luister na die oorlewering van die voorvaders, van die magtige Matonga," sê hy.

Bongaba skud sy kop tevrede. Die brandende houtstompe knal en kraak en tenger kooltjies ster in die lug.

"Dis goed so, seun van Mpingo en koning van die Matonga." Dieper lig kom in Bongaba se oë as hy vervolg.
"Dit was baie mane later, toe die groot storm die helfte van die woud se bome uitgeruk het, dat hierdie mense opgehou het om met hul olifante na die geboorteplek van die son te ry.
"Dit was ook toe dat hul mag gebreek is, omdat die swartman wat vir hulle moes werk, in opstand teen hulle gekom het. Die swartman het geglo dat die geeste kwaad geword het, omdat hulle vir die mense werk. Die goed wat hulle uit hul molsgate gehaal het, het hulle goud genoem. Daarom noem ons hulle die Goudmense."
Bongaba se neus pla weer en hy snuif hard. Verweg klink die trompetgeskal van 'n olifant en net daarna begin 'n hiëna sy senutergende laghuil uit die teenoorgestelde rigting.
Bongaba vervolg. "Van daardie tyd is die Goudkoningin se mense stil. Hulle het in die berge en valleie, veertien vinnige dagreise van hier, gaan bly. So nou en dan het 'n klompie van die Goudmanne na die buite wêreld gekom, en jong seuns en dogters gesteel. Die Matonga is egter nooit deur hulle gepla nie en dit is nou die eerste keer in baie reënseisoene dat hulle deur ons mense gesien is."
"Jy weet nie dalk waarom hulle Toto probeer doodmaak het nie?" vra die Valk.
Bongaba skud sy kop. Ook die ander stamhoofde antwoord ontkennend.
"Maar daar is iets anders wat ek moet vertel." Bongaba skuif vorentoe en weg van die vlamme, wat die sweet op sy voorkop en bolyf laat uitslaan.
"Vier dae gelede was hier 'n klompie witmense by Kitile se stat. Hulle het die pad na die vallei van die Goudkoningin gevra..."

Die Valk leun vorentoe. Sy blou oë rus dringend op Bongaba.

"Hulle het jou taal gepraat, seun van Mpingo, en die van jou vader en moeder."

Die Valk frons. Hy voel skielik bekommerd.

"Hulle het ook die wapens van die witman en heelwat draers gehad. Een ouman met 'n lang baard het deur 'n tolk met Kitile gepraat, wat hom afgeraai het om te gaan."

Gretig leun Kitile vorentoe, klap sy dik lippe en vertel self verder.

"Seun van Mpingo, ek het gesê hulle moet wegbly van die Goudmense. Julle sal jul dood daar kry, het ek gesê. Maar die ouman het gelag en die twee wit meisies het gelag. Die ander man het stil geluister, maar ek kon sien dat hulle net soos die ouman voel. Toe het ek maar beduie hoe hulle moet loop."

"En julle sê hierdie mense het my taal gepraat?"

"Ja, seun van Mpingo. Maar ek en die ouman het met die tolk gepraat. Die ander het egter onder mekaar gepraat. Ek kon hier en daar verstaan en dit het soos die taal geklink wat jy en Mpingo met mekaar gepraat het."

"Hoekom het julle nie van my vertel nie? Hoekom het jy nie gesê hulle moes wag tot ek terugkom nie?" vra die Valk met 'n ligte verwyt in sy stem.

Kitile protesteer dadelik. "Maar, koning van die Matonga, ons het nie geweet wanneer jy weer kom nie. Hulle was ook haastig."

"Toemaar, Kitile. Miskien is ek bietjie haastig." Die Valk laat sy kop sak en stryk sy vingers deur sy blonde kuif.

"Ek het vir Bongaba gaan sê van die witmense en ons het toe twee spioene agter hulle aan gestuur, sodat hulle ons kan kom